higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

16 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

076Q1N2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter stelling is verkeerd?

A Norme en reëls wat menslike optrede reël.
B Die woord *norm* is afgelei van die Spaanse woord *norma*.
C Norme sluit etiek en gebruike in.
D Die oorspronklike betekenis van *norme* is *standaarde*.

1.2 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A Moraliteit is ’n persoon se oortuigings oor wat reg en verkeerd is.
B ’n Persoon se godsdienstige oortuigings kan sy of haar moraliteit bepaal.
C ’n Persoon se omgewing is die enigste ding wat sy of haar moraliteit kan bepaal.
D A en B

1.3 Watter EEN van die volgende is nie ’n wetgewende orgaan nie?

A ’n Munisipale raad
B Die Departement van Onderwys
C ’n Provinsiale wetgewer
D Parlement

1.4 Wie is die oppervoog van alle kinders?

A Die Hoë Hof
B Minister van kinderwelsyn
C Parlement
D Kommissaris van Polisie

1.5 Watter EEN van die volgende is nie nie ’n noodsaaklike vereiste vir ’n vennootskap nie?

A Elke vennoot moet bydra.
B Die vennootskapsonderneming moet tot voordeel van alle vennote wees.
C Die bydraes van elke vennoot moet gelykwaardig wees.
D Die doel moet wees om ’n wins te maak.

1.6 Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

A Dit is moontlik vir iemand om die sterre te besit.
B As jy ’n liniaal optel wat iemand verloor het, mag jy dit hou.
C ’n Voorbeeld van ’n tasbare voorwerp is ’n fiets.
D Jy kan die eienaar van ’n persoon wees.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die saak *Green v Fitzgerald* (1914) handel oor die volgende:

A Owerspel is nie meer 'n misdaad nie.
B Sekere misdade verval ná 40 jaar.
C 'n Mens behoort altyd inkomstebelasting te betaal.
D 'n Mens moenie inbreuk maak op 'n ander persoon se eiendom nie.

1.8 Watter EEN van hierdie funksies is nie 'n funksie van die Konstitusionele Hof nie?

A Om provinsiale grondwette te sertifiseer.
B Om die grondwetlikheid van enige wysiging van die Grondwet te toets.
C Om te bepaal of die Parlement in die uitvoering van 'n grondwetlike plig misluk het.
D Om ernstige strafsake te verhoor.

1.9 Watter EEN van die volgende stellings is korrek met betrekking tot die Hoogste Hof van Appèl?

A Die Hoogste Hof van Appèl funksioneer as 'n hof van eerste instansie.
B Dit kan alle strafregtelike en siviele sake op appèl bereg.
C Dit kan nie appèlle rakende grondwetlike sake bereg nie.
D Dit verhoor appèlle van landdroshowe.

1.10 Watter EEN van die volgende stellings oor inheemse reg en publiekreg is foutief?

A Daar is 'n streng skeiding van die geregtelike proses in siviele en strafregtelike verrigtinge.
B Verhore rakende inheemse reg is oop vir die publiek.
C Daar is geen formele reëls rakende prosedure en getuienis in inheemse reg nie.
D Die prosedure wat in tradisionele howe gevolg word, is vry van tegniese aspekte.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Maatskappye met aandelekapitaal is belangriker as ander tipes maatskappye.

2.2 'n Kworum van die Hoogste Hof van Appèl is gewoonlik sewe regters vir alle strafregtelike sake.

2.3 Die oppergesag van die reg is 'n regsbeginsel wat bepaal dat die president bo die reg verhewe is.

2.4 Die wette van die samelewing is gedragskodes.

Kopiereg voorbehou

2.5 ’n Wissel is ’n voorwaardelike skriftelike bevel wat een persoon aan iemand anders rig.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM A om by ’n beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
3.1	Uitsluitlike jurisdiksie	A	die gewig wat ’n spesifieke bewysstuk in die howe dra
3.2	Jurisdiksie	B	skuldig bevind
3.3	Hof van eerste instansie	C	deel van ’n siviele saak wat deur ’n hof aangehoor en beslis word waar die partye oor die feite van die saak saamstem
3.4	Bewyskrag	D	wanneer ’n bepaalde hof die enigste bevoegde hof is om ’n spesifieke saak aan te hoor
3.5	Vrygespreek	E	die praktyk waarvolgens iemand anders se werk of idee oorgeneem word en as jou eie aangebied word
3.6	Aansoekprosedure	F	’n eiendomsitem wat waarde besit en beskikbaar is om skulde te betaal
3.7	Plagiaat	G	die bevoegdhede en funksies van ’n hof of ander instelling
3.8	Bate	H	wette wat geldig is en billik geïmplementeer word
3.9	Actio injuriarum	I	’n hof waarin regsprosesse begin word
3.10	Geregtigheid	J	onskuldig bevind
		K	die streek of distrik wat die jurisdiksie van laer howe beperk; hierdie howe hoor slegs sake van ’n gespesifiseerde geografiese gebied aan
		L	’n remedie vir ’n onreg rakende ’n persoon se belang of persoonlikheid

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.2.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

sosiale konflik; siviele reg; Hoofstuk 4; geregtigheid; Hoofstuk 2; gemenereg; Artikel 221; Handves van Regte; moraliteit

4.1 Inheemse reg, soos (4.1.1) ..., is onderhewig aan die (4.1.2) … wat in (4.1.3) … van die Grondwet vervat is. (3)

4.2 Die onmiddellike doel van die reg is om (4.2.1) ... op te los en uiteindelik orde te bewaar en (4.2.2) … te bevorder. (2)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Illustreer in tabelformaat TWEE verskille tussen *reg, moraliteit* en *geregtigheid*. (6)

5.2 Wette en hul regulasies is regsreëls. Beskryf die eienskappe van regsreëls. (6)

5.3 Beskryf die kriteria waaraan voldoen moet word voordat 'n gebruik 'n wet word. (6)
[18]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik kortliks die VIER soorte bevoegdheid wat mense moet besit om aan privaatregtelike aktiwiteite deel te neem. (8)

6.2 Noem VIER elemente wat teenwoordig moet wees voordat 'n handeling 'n delik is. (4)

6.3 Gee die betekenis van die volgende vennootskappe:

6.3.1 Beperkte vennootskap

6.3.2 Naamlose of anonieme vennootskap

6.3.3 Vennootskap en commandite

(3 × 2) (6)

6.4 Identifiseer TWEE tipes verhandelbare instrumente. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 38

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 'n Poging om 'n misdaad te pleeg is strafbaar. Identifiseer DRIE vereistes waaraan sodanige poging moet voldoen. (3)

7.2 Noem TWEE regverdigingsgronde wat in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar word en gee 'n voorbeeld van elk. (4)

7.3 Bespreek inheemse reg in die Suid-Afrikaanse demokrasie. (10)
[17]

TOTAAL AFDELING C: 17

AFDELING D

VRAAG 8

Beantwoord slegs EEN van die volgende vrae:

8.1 Bespreek die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele Hof in Suid-Afrika. (15)

OF

8.2 Bespreek die jurisdiksie van die Hoë Hof van Suid-Afrika. (15)
[15]

TOTAAL AFDELING D: 15
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou